

4 September

Ons trane in God se kruik

Skrifgedeelte: Psalm 56:9

Daar is onnoembaar baie ellende en leed in hierdie wêreld. Die aarde is 'n tranedal. Ons verdriet laat God nie onbewoë nie. Die Here het soveel deernis met ons dat Hy op ons trane let.

Dit vertel Dawid vir ons in Psalm 56. Hy het ook gehuil. Trane gestort. Hy was baie benoud. In sy angs het hy op die Here vertrou (vs 4). Hy het geweet hy het nie vergeefs sy trane gestort nie. "God het my omswerwinge getel. Ja, selfs my trane opgevang in 'n kruik en opgeskryf in 'n boek, die traneregister." Letterlik sê hy: "my traan". Selfs een enkele traan is vir God belangrik.

By Oosterse volke was daar 'n gebruik om iemand se trane op te vang in 'n kruik, genoem lacrimarium. By 'n begrafnis is daardie kruik saam met die oorledene in die graf gelê. Waarskynlik sluit Dawid by daardie gebruik aan. Hy wil met hierdie beeld van 'n kruik en 'n boek beklemtoon dat sy trane vir God kosbaar is. God se kinders huil nie tevergeefs nie. Daar is 'n boek waarin u trane opgeteken is. Hy weet van ons trane, ons pyn, ons moeite, ons verdriet en ons sorg. God doen iets met ons trane. God neem kennis van ons hartseer. God gee om, Hy wil help, Hy wil die trane afdroog. Hy wil ons troos.

Wat is dan God se troos? God het twee Troosters aangewys: Christus wat deur Simeon genoem word: "Die vertroosting van Israel" (Luk 2:25), en die Heilige Gees wat deur Jesus genoem word "die ander Trooster" (Joh 14:16).

Wat moet ons doen in ons verdriet? Ons moet by al die vrae van die lewe, met ons pyn, moeite, sorg en verdriet by Jesus uitkom. Deur geloofsverbondenheid aan Jesus Christus kan jy jou rousmart dra, kan jy jou probleme deurworstel en sal jy anderkant verryk, verdiep, gelouter en geheilig uitkom, omdat Christus 'n volkome Saligmaker en Trooster is. Deur die geloof bring die Heilige Gees ons deur smartbeleving na die vreugde van verlossing. Christus sien ons smart, rou, moeite en verdriet. Hy wil dit heilig. In verbondenheid met Jesus Christus is daar vreugde wat lyding heilig. Hy bring ons deur sy Gees deur smartbeleving na die vreugde van verlossing. Ons mag glo:

Hy is naby die siel wat tot Hom sug,

Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug (Psalm 145:10).

Prof. L Floor (emeritus)